**Die tabernakel versus die gelowiges as die tempel**

**1 Kor 3:7-17**

**18 Augustus 2024**

1. Vantevore: Tabernakel is OT tipe van verlossingsproses. Eden was eerste tempel. Tabernakel/tempel was God se woonplek onder volk. Salomo se tempel was vaste woning, maar volk het dit nie behoorlik verstaan nie – verwoes. OT profesieë oor komende tempel nie vervul in na-ballingskap tempel nie, wel vervul in Jesus as hoeksteen van ware tempel.
2. 1 Kor 3:7-17 Gelowiges is die tempel van God waarin die Heilige Gees woon
    a. V6-9: Gemeente is saailand
    b. V8-9: Paulus / Apollos is medewerkers, maar die Here gee die groei
    c. V10-17: Gemeente is tempelgebou
        - Paulus lê die fondament, Christus is die fondament
        - Ander bou op dieselfde fondament
        - Verskillende materiale: goud, silwer, kosbare stene, hout, gras, strooi
        - Bouwerk sal getoets word op oordeelsdag: óf loon óf skade – steeds gered
        - Bouwerk aan gemeente = bouwerk aan ware tempel
        - Gelowiges is tempel van Heilige Gees (vgl Eseg 36:27, Hag 2:5, Sag 4:6, 6:8, Joh 4:23-24)
3. Ef 2:19-22 Gelowiges is die tempel tot woonplek van God deur die Gees
    a. V8-10: Uit genade gered, deur geloof, tot werke
    b. V11-13: Efesiërs was vroeër heidene
    c. V17-18: Jesus het vrede bewerk vir gelowiges uit heidennasies en Jode (Joh 20:19, Hag 2:9, Eks 28, Jes 54:2, Eseg 36, Hag 2:7, Sag 6:6)
    d. Toegang tot die Vader deur Jesus en die Heilige Gees vir heidene
    e. V19-22:
        - Jesus Christus is hoeksteen (Mark 12:10, 1 Kor 3)
        - Profete = fondament – profete se uitsprake in Jesus en gelowiges vervul
        - Apostels = fondament: Ef 3:2-9 – geheimenis aan Paulus geopenbaar = heidene word ook deur evangelie medelede van Christus
        - Gelowiges = gebou van die ware tempel
        - Nou moet ryklik geskakeerde wysheid verkondig word (Ef 3:10)
4. 1 Pet 2:4-10 Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, en verkondig God se verlossingsdade
    a. Petrus skryf aan gelowiges uit die heidendom
    b. V4-8: Jesus = lewende klip wat hoeksteen geword het
    c. V5: Gelowiges moet hulle as lewende klippe laat opbou tot geestelike huis, heilige priesterdom
        - V9: uitverkore volk, koninklike priesterdom, heilige nasie – vgl Eks 19:6
        - om offers te bring wat vir God aanneemlik is
    d. V9: Gelowiges moet deugde van God verkondig – nog lewende klippe moet bygevoeg word
5. Afsluiting – Ef 2:4-7
    a. Rede waarom die Here al hierdie dinge doen: sodat Hy in die toekoms bewys kan lewer van allesoortreffende rykdom van genade en goedheid in Christus Jesus